

Kwartaal 3 Die Ekonomie, Finansiële geletterdheid en Entrepreneurskap

Kwartaaloorsig

Die kwartaal begin met 'n eenheid oor vakbonde wat na hul geskiedenis, rolle, verantwoordelikhede, uitwerkings op besighede en volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika kyk.

Hierop volg twee eenhede oor krediettransaksies. Die eerste gaan oor debiteure en oorboeking na die Debiteuregrootboek en Algemene Grootboek. In hierdie eenheid kyk leerders na kredietaankope en hoe dit die boeke van die besigheid raak. Die tweede eenheid oor krediettransaksies gaan oor krediteure en die optekening van transaksies in die Krediteurejoernaal. In hierdie eenheid kyk leerders ook na hoe kredietverkope en -aankope die rekeningkundige vergelyking beïnvloed.

Daarna is daar 'n eenheid oor die funksies van 'n besigheid, wat al die volgende insluit: administrasie, aankope, bemarking, finansies, openbare betrekkinge, menslike hulpbronne, produksie en risikobestuur.

In die laaste eenheid sal die leerders vanaf die DJ, DAJ en KOJ na die Algemene en Debiteuregrootboek oorboek. Hulle sal die Nasionale Kredietwet en die uitwerking daarvan op besigheid en verbruikers bestudeer.

Die kwartaal eindig met die Krediteure- en Krediteureafslagjoernale, betaling van krediteure, en die oorboeking van dit alles na die Algemene Grootboek en Krediteuregrootboek. Die leerders sal die invloed van die krediettransaksies op rekeningkundige vergelyking bestudeer.

Eenheid 1 Die Ekonomie: Vakbonde

Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid dek die onderwyser:

- die begrip van vakbonde en 'n kort geskiedenis van hul ontwikkeling
- die rolle en verantwoordelikhede van vakbonde in Suid-Afrika
- vakbonde en hul uitwerking op besigheid asook hul bydrae tot volhoubare groei en ontwikkeling.

Eenheid 2 Finansiële geletterdheid: Krediettransaksies – Debiteure

Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid dek die onderwyser:

- oorboeking van die debiteure- en debiteureafslagjoernale na die Algemene Grootboek en die Debiteuregrootboek
- koop op krediet van verskaffers (krediteure)
- voltooiing van die Krediteure- en Krediteureafslagjoernale.

Eenheid 3 Finansiële geletterdheid: Krediettransaksies – Krediteure

Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid dek die onderwyser:

- krediteure
- krediteureafslag
- die rekeningkundige kringloop
- optekening van transaksies in die krediteurejoernaal (KJ)
- optekening van transaksies in die krediteureafslagjoernaal (KAJ).

Eenheid 4 Entrepreneurskap: Funksies van 'n besigheid

Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid dek die onderwyser:

- hoe groot besighede hul werknemers in spanne en volgens funksie verdeel
- administrasie, aankope, bemaking, finansies, skakelwerk (openbare betrekkinge), menslike hulpbronne, produksie, algemene en risikobestuur
- die hoofkenmerke van hierdie funksies
- die rol en belangrikheid van die besigheidsfunksies.

Eenheid 5 Finansiële geletterdheid: Krediettransaksies – Krediteure

Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid dek die onderwyser:

- aantekening van betalings aan krediteure deur die gebruik van die KBJ
- oordrag van die Krediteurejoernaal, Krediteureafslagjoernaal en Kontantbetalingsjoernaal na die Algemene Grootboek en die en Krediteuregrootboek
- identifisering van die invloed van krediet aankope op die rekenkundige vergelyking.